RAADSBELEID

ONDERWERP : ESTETIESE VOORKOMS VAN GEBOUE EN SOORTGELYKE STRUKTURE BINNE DIE RAAD SE REGSGEBIED

VERWYSING : 15.4.1.3.B

BESLUIT NR : 22.11/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om ‘n kanaal te skep om die estetiese voorkoms van die dorp te beskerm en te bevorder.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om ruimte te skep vir die uiteenlopende kulture binne ons dorp.

RIGLYNE

1. Waar 'n gebou of struktuur met muurskilderye of simbole gedekoreer gaan word, die insette van die omliggende gebou-eienaars vooraf verkry en tesame met ‘n aansoek aan die Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer voorgelê word.

2. Dat, waar 50% of meer van die omliggende gebou-eienaars in paragraaf 1 bedoel, beswaar aanteken of muurskilderye/simbole wat potensieel aanstootlik is, is aangebring, 'n sketsplan van die beoogde frontaansig van die gebou aan die Raad vir oorweging en goedkeuring voorgelê word.

PROSEDURE
1. Alle aansoeke in bogenoemde verband moet vooraf, skriftelik by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word.

2. Indien van toepassing, moet die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer toesien dat die nodige planne vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

ROLLE
Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID
Raad se Advertensiebeleid en -regulasies.

HERROEPING/WYSIGING
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.